

**Saterdag 9 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 115**

**Fokusgedeelte: Psalm 115:3**

**God kan gee wat ons van Hom vra**

In die ses bedes van die Onse Vader vra ons van God alles wat tot sy eer en tot ons beswil is. Die vraag wat ontstaan, is of God werklik alles kan gee wat ons van Hom vra. Op hierdie vraag antwoord die lofverheffing aan die einde van die gebed: Ja, God kan, want die koninkryk en die krag en die heerlikheid behoort aan Hom.

Dit is ook wat Psalm 115 baie duidelik uitspel. By een of ander nederlaag in die geskiedenis van Israel het die heidene die oorhand oor die volk van God gekry en smalend gevra (vs 2): "Waar is hulle God nou? Die heidene het gedink dat Israel se nederlaag 'n bewys was dat hulle gode sterker en magtiger as die God van Israel was. In vers 3 word daar egter gesê hoe sake eintlik staan: God is in die hemel! Alles wat Hy wil, doen Hy. Hy is almagtig. Deur niemand en niks word sy wil beperk nie. Ook Israel se nederlaag en die heidene se oorwinning was binne sy wil en die afgode het dit nie bewerkstellig nie.

Tog het dit gelyk of die omstandighede hierdie waarheid weerspreek het dat die afgode niks in vergelyking met God is nie. Dit het gelyk of die heidene reg was in hulle spot. Wat kon Israel onder hierdie omstandighede doen? Hulle kon en hulle moes steeds op die Here vertrou en van Hom alles verwag (vs 9-11).

Dit is ook wat ons met die lofverheffing aan die einde van ons gebed sê: Ons vertrou op die Here! Aan Hom behoort alle mag. Hy kan gee wat ons in die gebed van Hom vra.

*Sing: Psalm 97-1:1, 4*

*Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)*